



2ekwartaal 2017

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

CORNE DU PLOOY skryf uit FRANKRYK

Nuusbrief April 2017

Die miniatuur Bybeluitstalling uit klei was 'n groot sukses (13-21 Maart). Gedurende hierdie tyd was ons 67 uur oop gewees en het ons 280 besoekers gehad - waarvan die meeste kinders was. Die kunstenaars wat die uitstalling opgestel het, het gedurende die eerste 2 dae werkswinkels van klei vir die kinders aangebied. Hulle het dit baie geniet.

Die naweek 1-2 April is daar 'n opleidingsnaweek vir die Alphakursus aangebied wat deur 3 van ons gemeentelêde bygewoon is - daar was +-600 mense wat die opleiding bygewoon het. Ons beplan om die kursus die begin van die nuwe skooljaar (September) aan te bied. Bid asb hiervoor. Ons moet leer om mense uit te nooi na die aktiwiteit toe - dat hulle kom of nie is nie die belangrikste nie, maar net om te leer om uit te nooi.

Ons het 'n geseënde Paasnaweek gehad: 'n Goeie Vrydagdiens rondom die geluide van Goeie Vrydag. Die Saterdag het ons by die ouetehuis gaan sing. en die Sondag het ons 'n lofsangdiens gehad en ons het "bybelse paaseiers" gesoek - daar was die helfte van Bybelversies, gesange en uitdrukkings rondom die opstanding in plastiese paaseiers gesit en elkeen is so "eier" uitgedeel. Elkeen moes dan die res van die verse, gesang of uitdrukking by die ander gaan soek. Dit was interessant gewees, al het dit 'n bietjie chaos in die kerk afgegee. Daar is ook 2 jongmense wat gevra het om gedoop te word (Baptiste & Joanna) - loof die Here daarvoor. DV sal dit vir 2 Julie wees.

Die 12-14 Mei het ons ons Algemene Sinodesitting.

Met die kinders gaan dit goed. Hulle het ALWEER 2 weke vakansie gehad. Nou is dit 'n lang trek tot die somervakansie einde Junie.

Groete in Sy Naam

MOSAMBIEKSENDING – Andries & Sunette Schwartz skryf ...

Nuusbrief: Februarie - April 2017

Ons is weer tuis na 'n besige maar baie geseende besoek aan Suid-Afrika. Ons bring julle graag op hoogte m.b.t. die nuutste gebeure in ons wêreld.

Stuursel en Anker gemeente

Een van die leemtes die afgelope 18 maande in ons mondering was dat ons, al het ons 'n groep wonderlike ondersteuners, nie 'n amptelike stuursel of anker gemeente gehad het nie. Dit is ook 'n aspek wat hoog op die prioriteitslys van ons organisasie, vir sendelinge is. Ons was dus so bly dat Kerk sonder Mure hulleself as ons anker gemeente aan ons verbind het, en dat 'n groepie van ons ondersteuners (uit beide Kerk sonder Mure en ander gemeentes) nou ons amptelike stuursel geword het. Ons is opgewonde oor die verbintenisse en D. V. kom daar reeds in hierdie jaar 'n werkerspan by ons besoek aflê.

Indien jy voel jy sou graag wil deel wees van ons stuursel, kan jy ons gerus kontak, en ons bring jou in kontak met die ander ...

'n Oogwink 7 weke.

Dit is steeds moeilik om te glo dat 7 weke so vinnig verby kon vlieg. Daar het te veel gebeur om te vertel, maar...

Ons seun Kobus en sy verloofde Martine is getroud. Dit was 'n besondere geleentheid, en nou is ons familie 'n bietjie groter. Markus het graad gevang en ons is Potchefstroom toe vir die okkasie.

Dit was heerlik om so baie van julle te sien, en 'n groot dankie aan elkeen van ons familie en vriende wat tyd en moeite gedoen het om saam met ons te kuier. Ons verlang al klaar na julle.

Dit was ook baie goed om met nuwer en lankal-se-tyd ondersteunende gemeentes te skakel en verhoudings as liggaam van Christus te versterk, asook met leiers en kollegas van World Outreach (ons organisasie) en AIM (Radio Nuru). Ons voel bevoorreg om deel te wees van besondere span.

Verder kon ons 'n klompie belangrike aankope, met AIM se hulp, vir Radio Nuru doen — ons maak die lysie al die hele vorige jaar lank sodat tegniese en ander aspekte D. V. in die komende jaar vlot kan verloop.

'n Vriend het ook besondere moeite gedoen om ons van nog Swahili 'gospel' musiek vir Radio Nuru te voorsien — 39 CD's uit Kenya!

Natuurlik moes ons Landrover ('Pumba' die bos-vark) ook aandag kry. Na heelwat ure (10+dae) se werk en baie bronne is hy nou weer reg vir die stryd! Andries het soveel as moontlik herstel, met die hoop dat ons 'n gelukkige jaar saam op die veld sal beleef.

Terugtog

Ons het met swaar harte alles in Macomia agtergelaat om af te ry, maar dis met net sulke swaar harte dat ons, ons familie en vriende weer gegroet het. Op 26 Maart het Andries die terugtog aangepak met Ivan Venter van World Outreach se SA kantoor wat Sunette se plek in die Landy ingeneem het. Sy het vier dae later terug gevlieg om die twee manne op Pemba te ontmoet. Ivan, het ons vir so drie dae ondersteun voordat hy na ander sendelinge aanbeweeg het.

Ons is die Here dankbaar vir 'n veilige en baie voorspoedige reis, en ons was baie bly om Williams en al die Radio Nuru werkers weer te sien. Dit is egter hartseer dat die agteruitgang van Mosambiek se infrastruktuur duidelik sigbaar is.

Boodskap van Groot Blydschap

Ons het presies twee weke voor Goeie Vrydag op Macomia aangeland. Dit was 'n geleentheid wat ons nie kon laat verby gaan nie — die kosbaarste fees in die jaar.

Andries het dadelik van die ou getroue vrywilligers gekontak en die spannetjie omroepers inkluis - het aan die werk gespring. Gesprekke is geskryf, in verskillende tale opgeneem, versorging van klankbane gedoen en die eerste van die reeks programme is reeds Maandag uitgesaai.

Ons maak dit toe 'n week van spesiale uitsendings tot en met Opstandingsondag, en terwyl programme uitgesaai word, word daar steeds aan programme vir later in die week gewerk. Bid asb dat die sluier van oë verwyder mag word en die Goddelike gebeure van Paasfees luisteraars se lewens mag omkeer ...

En so, terwyl ons met vrywilligers geskakel het, het nog opwindende nuus ons bereik. Ons het dit reeds met 'n aantal van julle gedeel, maar deel dit graag met almal sodat julle die Here saam met ons kan loof.

Pastor Cinezio vertel ons van reaksie op die programme oor 'Liefde' wat in Februarie/Maart uitgesaai is. Twee jongmanne van Mucojo dorp (50km van ons af) wat vroeër niks van die evangelie wou weet nie, het hom opgesoek nadat hulle deur die Here aangeraak is tydens van die programme met die nuus "ons het ons families ingelig dat ons die moskeelewe groet en nou volgelingen van Jesus word" Ons harte het gejubel oor hierdie nuus. In die programme het ons juis dikwels herhaal dat daar groot fees is oor elkeen wat na God keer.

Pastor Cinezo het egter nog nuus gehad. Sewe ouer Mosl 'em manne uit Bem Vindo, 'n dorpie, 'n paar kilometer vanaf die onderwyskollege waar hy werk, het hom ook daar opgesoek, en hulle lewens aan Jesus oorgegee, nadat hulle deur die Radio Nuru boodskappe aangeraak is. Hy sê voorheen was daar nie een gelowige daar nie.

Sy buurman waarvan ons in 'n vorige nuusbrieff geskryf het, is 'n gereelde Radio Nuru luisteraar. Die toegewyde Moslem oom, wat nooit met hom wou gesels nie, het hom besoek en gesê: "Ek het na Radio Nuru programme geluister, en nou het ek my moskee-lus verloor.

Vicente, een van die omroepers hier, het ook oproepe vanaf Moslem luisteraars ontvang wat deur die Here aangeraak is. En so hoor ons ook van ander.

Ons dans saam met die Vader en sy engele, maar is terdeë daarvan bewus dat dit die absolute genadige werking van God is. Dit is die vrug op die werk van al die sendelinge vanuit verskillende organisasies en plaaslike gelowiges wat soveel jare hier gearbei het. Ons weet ook dit is die vrug op die gebede van ondersteuners (medewerkers) en ander gelowiges vir hierdie volkere.

Ons het soveel vrae oor die pad vorentoe saam met hierdie dissipels. Hulle "geestelike DNA" moet nou op Christus gebou word. Ons vra dan ook julle spesiale voorbidding vir hierdie 'babas in die geloof', wetend dat hulle in hierdie tyd teenkanting sal ervaar. Hulle het na die God van liefde gedraai, bid dat medegelowiges hulle in liefde sal ontvang.

... Vorentoe

Die res van die jaar lê met baie moontlikhede en uitdagings voor ons. Ons is voortdurend daarvan bewus dat ons die Here se leiding en bystand nodig het in elke opsig. Bid asb. vir ons hiervoor.

Daar is belangrike besluite oor die Radio Nuru programme wat geneem moet word.

Bid ook vir die personeel en bestuur met moontlike skuiwe.

Met die oog op kerkplanting wil ons steeds graag in 'n onbereikte gemeenskap gaan vestig. Daar is baie uitdagings. Ons is op soek na 'n Mosambiek venoot wat saam ons in die span moet werk. Iemand wat ons sinvolle 'Exit" uit die gemeenskap kan help fasiliteer.

Williams

Williams se drie-maande besoek was 'n groot seën vir ons almal. Hy het besondere bande met die personeel ontwikkel en ook twee nuwe dissipelskap groepe begin. Hy vertrek nou vir die volgende paar maande terug na Zambië en Suid Afrika.

Voor hy permanent by ons kan aansluit moet hy ondersteuning gaan vind; sy werks-visum bekom en ook die ses weke Nations kursus afhandel.

Werfnuus

Dinge wat ons pas verstadig het...

Ons het die afgelope tyd baie energie aan ons rekenaar toerusting spandeer. Programme is opdateer en die internet was besonder stadig (soms dae geneem om klein lêers af te laai).

Andries het ook eers verkoue en toe malaria gehad, maar is weer gesond.

Dit is vir ons 'n voorreg om deel te wees van 'n span in hierdie oesland. Dankie vir elkeen van julle se bydraes.

LAUDIUM Outreach Group (LOG)

Die Jongste Nuus Vanuit Laudium – geskryf deur Johan Naude **Mei 2017**

1. In Persoon

Dit was vir my 'n groot "eina" toe ek, na 45 jaar se getroude lewe, op die 11de April van my vroujie Rita, moes afskied neem. Soveel dankies vir elkeen wat spesifiek in hierdie tyd vir my gebid het. Ek waardeer dit regtig opreg.

Ds Victor se skoonmoeder, 'n dierbare, godvresende tannie lê ook op sterwe in Durban – bid tog asseblief ook vir hulle familie, dat hulle gedurende hierdie tyd die Here se nabyheid besonderlik sal ervaar.

2. Besoek van “Operation Mobilization”

‘n Groep van 45 Bybelskool studente van “Operation Mobilization” is tans op besoek in Laudium, om meer te wete te kom van evangelisasie onder veral Moslem en Hindoe mense. Hulle jaarlikse uitreik na Laudium was nog altyd vir ons, en die inwoners van Laudium, tot groot seen. Onthou tog asseblief om in die besonder vir hulle te bid vir beskerming, en dat die Here se Naam grootgemaak sal word met elke besoek wat hulle aflê. Bid ook dat die “sluier” van mense se verstand gelig sal word, sodat hulle die Waarheid sal snap en vir Jesus Koning van hulle lewens sal maak.

3. Christen Jeugdag Saamtrek

Die 16de Junie is weer “jeugdag” op die Suid-Afrikaanse kalender. Vir baie, is dit net nog ‘n dag van polities-opruiende toesprake – vir ander maar net nog ‘n vakansiedag. Ons het besluit om hierdie dag te gebruik om Jesus se Koninkryk uit te bou deur middel van ‘n jeugdag saamtrek in “down-town” Laudium. Ons nooi alreeds alle jongmense van ses jaar tot so ongeveer nege-en-negentig jaar om saam met ons, op hierdie dag, Jesus se oorwinning te kom vier. Ons wil jongmense motiveer om nie verdowingsmiddels van watter soort ookal te gebruik nie – en vir diegene wat alreeds “slawe” geword het van naupe, heroin, tik, alkohol, dagga en watter ander verdowingsmiddels ookal – aan hulle wil ons “vrymaking” uitroep in die Naam van Jesus, en ons wil bid teen hierdie euwel wat besig is om ons jongmense in te sluk.

Die beplanning is om die program van so 12:00 tot 18:00 te laat duur. Die “Christian Motorcycles Moreleta” en die “Christian Motorcycles Association” het ingestem om in massa met hulle motorfietse op te trek – en ons gaan spesifiek konsentreer om getuienisse met mense te deel van hoe dat hierdie oënskynlike “rowwe bikers” met Jesus ontmoet het. Intussen gaan ons saam die Here loof met samesang, en ook individuele sang items, terwyl ons ook klere aan behoeftige mense gaan uitdeel. Verskeie mense het alreeds aangebied om toebroodjies, sop, koeldrank en ander eetgoedjies voor te berei en saam te bring. Die hoogtepunt van die dag sal wees as Pastoor George Mothubase sy getuienis gaan lewer van hoedat die Here met hom ontmoet het toe hy in die gevangenis was, en hom omgekeer het tot die man wat hy nou is – ‘n seën vir die nasies. Muntu Ndebele – die “ster” in die “movie” – “E- lolipop” sal ook daar wees om te vertel van hoe die Here hom gered het van “down and out” tot “meer as ‘n oorwinnaar”.

Ons wil net mooi almal uitnoui om hierdie geleentheid saam met ons te kom ervaar – dit beloof om iets te wees “om oor huis toe te skryf”.

As die Here dit op jou hart lê om op watter manier ookal deel te neem aan hierdie grootse aksie, kom asseblief met my in kontak by johannaude@mweb.co.za of d.m.v. die telefoon 082 501 8389. Of dit nou 'n bydrae is vir die kostes, of vir die voorsiening van kos – om fisies deel te neem aan die voorbereiding, of om vir ons in te tree in gebed, dit sal baie waardeer word.

Baie dankie vir u deelname

Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE (www.mwb-sa.org)

Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid. Vanjaar is die 9de jaar wat ek by Sending Sonder Grense betrokke is deur op Sondag wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir arm kinders/families te werf.

Dit bly 'n voorreg om op hierdie manier 'n verskil te maak en ook ander (veral NG) Kerklidmate die geleentheid daartoe te gee. Kinders kan nie hulself versorg nie en het volwassenes se hulp en omgee nodig.

Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgegroepe of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.

Hier volg 'n bietjie inligting/terugvoering oor van die werk wat SSG doen ten opsigte van hulp aan arm families:

Somerkamp

Op twaalf het Ivana te veel tydens die oorlogsjare gesien. Dinge wat 'n kind nooit moes sien nie. Sy het dom en leeg voorgekom, asof sy op 'n slaapwandeling deur die lewe was. Gedurende die oorlog het die gesin hulle huis, beeste, werk en bowenal hulle sekuriteit verloor. SSG het hulle gevind waar hulle in vrees gelewe het.

Toe het Ivana 'n uitnodiging ontvang om Sending Sonder Grense se Somerkamp mee te maak. Met ou, verslete skoene aan en baie min in haar tas – geen toiletsak of baaikostuum nie – het sy op die bus gewag om haar te gaan haal. By die kamp aangekom, kon sy nie glo hoeveel kos daar met etes aangebied is nie en hoe goed die kos was nie.

Nadat sy geleer is hoe om met eetgerei te eet, het Ivana soveel as wat sy kon geëet – sy het soms teruggegaan vir tweede, derde en selfs vierde skeppies! Maar sy het geweet dat sy moes teruggaan na haar gewone omstandighede toe. Sy was net so honger vir die lesse wat sy geleer het, die speletjies wat sy gespeel het en die maats wat sy gemaak het.

Vandag is alles anders. Ivana is op hoërskool waar sy hard werk en hoop dat sy uiteindelik eendag 'n bydrae sal kan maak vir 'n beter lewe vir haar gesin. Sy het ook SSG se Engelse en

Rekenaarkursusse voltooi. Deur ons klein besigheidsprojek is haar gesin gehelp met twee kweekhuise wat hulle in staat stel om weer 'n inkomste te verdien.

Ivana se doel is om klaar te maak met hoërskool en 'n restaurant te begin. "So kan ek groente van ons plasie gebruik en my hele gesin sal werk hê en 'n beter lewe." Sedert Ivana en haar gesin weer hulle geloof in God ontdek het, het hulle omstandighede grootliks verbeter. Ivana is nie meer die leë kind by wie die verlede gespook het nie maar 'n meisie met hoop en drome van 'n beter toekoms.

Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy
Sending Sonder Grense
Koerde

Ds Leon Tait
082 601 4235

Ds Hannes Peens (Limpopo)

Elsa van Eck
082 468 0722

Mosambiek

Carl de Beer
083 443 9256

Gebedsketting
Laudium

Alet Briers
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen
084 652 8773
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

Sending (as deel van die nuwe Diensgetuienisbediening)

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetaling verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.

By voorbaat dank, Sending taakspan

